"JULLE IS TE HARD OP JULLESELF"

Prof Nancy Ammermann bekende godsdienssosioloog van Boston VSA, het onlangs op Stellenbosch opgetree. Kerkspieël en EGON (Eenheid vir Godsdiens Ontwikkeling en Navorsing) het voorleggings gemaak oor die stand van gemeentes in die NG Kerk en die "social capital" wat geloofsgemeenskappe skep. Prof Ammermann het op die voorleggings gerespondeer en haar nuutste boek: ***Pillars of Faith*** *(University of California Press: 2005) bekend gestel. Frederick Marais van Buvton was die gespreksleier en het later met Prof Ammermann 'n onderhoud gevoer oor haar indrukke van die dag.*



Frederick Marais (FM): ***Nancy, jou heel eerste opmerking het ons almal onkant gevang: "Julle is te hard op julle self!" Jou opmerking en benadering is so in skrille kontras met wat gemeente-analiste gewoonlik oor gemeentes te sê het nl dat hulle te min doen.***

Nancy Ammermann (NA): Ons moet almal oppas om die foto van te naby te neem. Geloofgemeenskappe is dalk stadiger in hulle reaksie op transformasie as ander instellings, maar hulle vermoë om die rowwe see van transformasie te oorleef, fasineer my elke keer. In my studies van hoe geloofsgemeenskappe reageer op transformasie het ek geleer dat die vinnige "quick fix" benadering van sommige gemeenteleiers, maar ook akademici, eenvoudig teenproduktief is. Dit val my op dat julle geneig is om die omvang van die transformasie waarin julle in Suider-Afrika is, te onderskat, dalk omdat julle so binne in die proses is. Vir ons wat uit die VSA kom waar die transformasie waarmee julle besig is, soveel langer geneem het, en in sommige opsigte nie so ingrypend was nie, kan nie anders as om met verwondering en waardering na julle prosesse te kyk nie. Dit is waar my opmerking vandaan kom dat julle nie so hard moet wees op julleself nie. Julle doen veel beter as wat julle krediet gee aan julleself. As julle nie ook leer om met waardering na die pogings van gemeenteleiers te kyk wat onder moeilike omstandighede gemeentes probeer lei om in die nuwe omgewing te verstaan wat hulle getuienis moet wees nie, gaan hulle moed verloor. Ek is bekommerd dat my vraag na wat julle doen wat reg is ... met 'n dawerende stilte begroet is.

Geloofgemeenskappe is dalk stadiger in hulle reaksie op transformasie as ander instellings, maar hulle vermoë om die rowwe see van transformasie te oorleef, fasineer my elke keer.

FM: ***Ek is getref deur jou waarderende houding tov gemeentes in die algemeen, waar kom dit vandaan?***

NA: O absoluut. Ek dink geen student van gemeentes kan anders as om verwonderd te wees oor die krag en uithouvermoë van gemeentes nie. Ek was gelukkig om van baie vroeg af te kon deelneem aan die *Congregational Studies Group*

wat my geleer het om dieper te kyk na die vormende krag van gemeentes. Ek is self 'n aktiewe gemeentelid en al is ek nie sonder kritiek oor my eie kerk en gemeente nie, weet ek net dat ons gemeenskap sonder gemeentes veel veel armer sou wees. Dit maak nogal 'n groot verskil as 'n mens met 'n waarderende benadering na gemeentes kyk, dit is asof jy 'n hele nuwe wêreld ontdek. Ek dink ons as godsdienssosioloë idealiseer dikwels die kerk en is dan teleurgesteld as ons in ons navorsing nie die prentjie sien wat ons graag wil sien nie, en ja om eerlik te wees, daar is mense in my vakgebied wat kwaad is vir die kerk en daarom amper met 'n negatiewe bril kyk na die kerk. Ek probeer om waarderend na gemeentes te kyk sonder om die kritiese afstand prys te gee. As jy so na gemeentes kyk, het ek geleer sien jy ander wonderlike dinge raak.

Dit maak nogal 'n groot verskil as 'n mens met 'n waarderende benadering na gemeentes kyk, dit is asof jy 'n hele nuwe wêreld ontdek.

FM: ***Kan jy voorbeelde noem?***

NA: In van my vorige studies het ek ontdek dat geld, die gebrek of oorvloed daarvan in 'n gemeente, nie die bepalende faktor is wat 'n gemeente laat oorleef en groei in moeilike omstandighede nie, maar die teenwoordigheid of afwesigheid van 'n visie vir 'n nuwe en ander toekoms van die gemeente. Ryk gemeentes gaan tot niet, terwyl in dieselfde omstandighede arm gemeentes oorleef en groei omdat daar by hulle leiers is met 'n nuwe visie vir die toekoms. Ek het in my nuutste boek ontdek dat indien iemand ingeskakel is by 'n gemeente die kans twee keer so groot is dat dieselfde persoon ook betrokke sal wees by die opheffing van die gemeenskap. Dit klop met wat ek gesien het van die resultate by EGON hier by julle in Suid-Afrika. Dit beteken tog dat daar in gemeentes iets met mense gebeur wat hulle meer sensitief maak vir die nood in hulle omgewing as mense wat nie betrokke is by 'n gemeente nie. Gemeentes en sosioloë is geneig om dit mis te kyk en net die gemeenskapsaksies wat hulle self organiseer, te reken.

In van my vorige studies het ek ontdek dat geld, die gebrek of oorvloed daarvan in 'n gemeente, nie die bepalende faktor is wat 'n gemeente laat oorleef en groei in moeilike omstandighede nie, maar die teenwoordigheid of afwesigheid van 'n visie vir 'n nuwe en ander toekoms van die gemeente.

FM: ***Ek is geïnteresseerd oor jou siening van die sekularisasie-teorie, nl dat die gemeenskap die hele tyd besig is om weg te beweeg van God en die kerk.***

NA: Jy weet, ons godsdiens-sosioloë het die sekularisasie-teorie mede-ontwerp of ten minste baie moeite gedoen om dit publiek te maak. Ek ken geen gerespekteerde godsdienssosioloog wat dié teorie meer onderskryf nie. Ons almal besef dat ons verkeerd was toe daar voorspel is dat geloof en veral georganiseerde godsdiens besig is om uit te sterf. Ek vind wel dat baie predikante en teoloë geneig is om die teorie aan te hang.

FM: ***Ek wonder soms of sommige predikante en teoloë nie meer glo in die sekularisasie teorie as in die evangelie nie!***

NA: Dit mag wees dat die teorie 'n handige verskoning bied waarom dit in sommige gemeentes nie so goed gaan nie. Na my onlangse studie wat vervat is in *Pillars of Faith*, is ek meer as ooit tevore oortuig dat die sekularisasie teorie hoegenaamd geen grond het nie. Die teendeel is waar, alle getuienis is daar dat geloof in God nie aan die uitsterf is nie, maar eerder groei. Ek kan nie met gesag praat oor Suid Afrika nie, maar dit is in elk geval die geval in die VSA. Ek kry soms die indruk dat gemeenteleiers die laaste mense is wat nog die teorie gaan aanhang en dit is baie jammer, want dan sien hulle nie die geleenthede raak nie.

FM: ***Dit is jou eerste besoek aan Suid-Afrika, wat het jou opgeval?***

NA: Wel ek hoop dit is nie die laaste keer nie, dit is so 'n mooi land! Die armoede waarvan jy die hele tyd bewus is, het my onkant gevang. Wel, verder hoor en sien ek by almal met wie ek in kontak was, dat hulle eintlik maar die hele tyd besig is met pogings tot versoening, maar dat hulle terselfdertyd voel dat hulle te min doen.

Ja, ek voel julle is te hard op julleself, julle is besig met so 'n ongelooflike transformasie, maar daar kan meer waardering wees vir die kompleksiteit van dit wat julle doen, anders gaan julle moed verloor ... en dit sal so jammer wees.